

8 Januarie 2014

Skriflesing: Jesaja 29:17-24
Fokusgedeelte: Jesaja 29:22, 23

Eer die Here wat 'n nuwe begin moontlik maak!

Ons het al so gewoon geraak aan mense se halwe werk dat ons van die Here dikwels ook nie veel meer as dit verwag nie. Hy leer sy volk in hierdie deel van die profesie van Jesaja dat sy oordeel en sy verlossing radikaal is, ten volle. In sy oordeel word Jerusalem verander tot "Ariël", die "vuurmaakplek" (29:2), want "hulle eer My met wat hulle sê, maar hulle hart is ver van My af"(vs 13). Ellende wag vir hulle wat Hom nie van harte dien nie!

Hy is egter reeds gereed om hulle te verlos, en ook as Hy verlos, doen Hy dit ten volle. Hy sal hulle skaamte en vrees weer wegneem en hulle weer talryk maak soos Hy destyds ook aan Abraham belowe het. Hy werk verstommend!

Van hierdie hoofstuk af kan ons al uitsien na die volk se terugkeer uit die ballingskap en die herbou van Jerusalem, maar ook na die koms van die Verlosser in die wêreld en na sy wederkoms! Dan sal almal Hom eer!

Wanneer die Here 'n mens se lewe verander, laat Hy 'n nuwe begin vir ons aanbreek. Hy gee weer insig aan mense wat in dwaasheid gedwaal het en eiewys gedurig foutvind. Hy bewerk in 'n mens se lewe die radikale ommekeer dat iemand wat net vir jouself geleef het, weer vir God ontsag kry en Hom eer. Selfs as ons soms dink dis te laat om weer reg te kom of dat na so 'n val in sonde daar nie weer hoop op bekering is nie, of dat die skade te groot is en herstel nie meer moontlik is nie, dan voorsien en sorg en red die Here!

Hy het Jesus Christus as die Heiland gegee, die Een wat heel maak sodat 'n mens God weer van harte kan eer met 'n lewe wat aan Hom toegewy is.

Sing: Skrifberyming 1-1:6, 7

Ds. GNV Botha (Emeritus)